DIE HOMILETIEK SOOS BLYK UIT DIE VRAELYSTE

2. Die Homiletiek in die vraelyste

Uiteraard getuig haas elke vraelys wat ingevul is — en daar is omtrent 70 — dat die invuller die homiletiek bestudeer het. Dit lei tot dikwels woordeliks enerse antwoorde en tog kom daar dan verrassende en soms selfs „skokkende" opinies. Die mees opmerklike is die direk teenstrydige standpunte wat oor formele kwessies ingeneem word. Hierdie voordrag benader die onderwerp meer vanuit die oogpunt van die wetenskap Homiletiek.

3. Die preek en prediking

Agterna besien sou 'n mens dalk graag van elke predikant sy definisie van 'n preek wou ontvang het. Vir die homiletiek is dit van die allergrootste belang. Mens kry die indruk dat die definisies van 'n preek grootliks sou verskil het. Uit wat beoog word met die prediking, die tema, die verdelings ens. is dit duidelik dat 'n preek vir sommige *'n item op homself is,* iets wat net 'n preek is en niks anders nie; vir 'n ander is dit die oorbring van 'n gedagte wat aan die Skrif ontleen is; vir nog 'n ander is dit die oopmaak en toepassing van 'n teks, ens. Op die oog af lyk die definisies verskillend, hoewel moontlik min of meer dieselfde daarmee bedoel word. Wanneer mens egter die geheel beoordeel sou jy met reg kan beweer dat daar verskil van definisie is. Moontlik het die preek tog uit sy Westerse verlede iets van die karakter van 'n *rede,* 'n definitiewe op homself staande gebeure, wat vroeër tot die studieveld van die retoriek en dialektiek behoort het, behou. Nie lank gelede nie is nog van *leerrede* gepraat. Dit verdien waarskynlik voorkeur om die preek bloot funksioneel as 'n gebeure om 'n Skrifwoord oor te dra, te beskou. As die tema meer verband kry met die hoofsin van die teks — en minder die koepel van 'n verdeling of die „greep" van die prediker word, kom eksegese en homiletiek nader aan mekaar.

Dit is moontlik om te redeneer oor die wese van 'n preek en oor die vraag of die preek 'n gedagte oordra wat die prediker uit die teks ontleen en formuleer — en of die prediker bloot instrumenteel vir die teks moet wees sodat die teks oopgaan vir en ingaan in die gemeente.

4. Die preek en die inleiding

Die opinies oor die inleiding sal in die volgende voordrag aan die orde kom. Ons weerhou ons daarvan, maar signaleer net dat u gerus kan oplet hoe wyd die opinies uiteengaan.

5. Die tema en verdeling van 'n preek

5.1. *Wat is die tema van 'n preek?* Dit is opmerklik hoe skerp opvattings oor die begrip „tema" verskil. Aan die een kant is die tema getipeer as 'n „onding", waarin die prediker 'n teks soek vir 'n bepaalde selfgekose onderwerp, terwyl aan die ander kant die

begrip „tema" gebillik word as die besondere Skrifgedagte in die teks. 'n Derde het die tema gedefinieer as die kernboodskap van die teks en dus as die eintlike preek, sonder dat dit 'n woordelike herhaling van die teks hoef te wees, d.w.s. die tema is die rigsnoer vir die dominee waarby hy in die betrokke preek moet bly, omdat dit al is wat ter sake is.

Die tema word soms genoem die „boodskap" van die preek, of die boodskap van die teks vir die gemeente; sommige bedoel daarmee 'n afgeleide waarheid of „gedagte" wat d.m.v. eksegese uit die teks bekom is; nog ander sê dat dit 'n gedagte uit die teks wat met die oog op toepassing geformuleer is, aanbied; 'n volgende beskou die tema as 'n Skrifwaarheid bv. Christus bied die soenoffer aan en so kan dit selfs 'n „greep" van die prediker weergee.

Die vraag doen hom hier voor of die „tema" iets anders as die hoofsin van 'n aangekondigde teks kan gee. Eksegetiese sinsontleding moet die prediker feitlik by die „tema" bring, hoewel hy dit seker kan en moet formuleer in die lig van die eksegese. Sodra hy dit egter formuleer op sterkte van nie-eksegetiese motiewe, moet die „tema" 'n onding word.

Hierdie verskil in benadering waardeur baie skerp verskille oor terme en woorde na vore tree, blyk ook uit die begrip „tematiese preek". Die meeste broeders sien hierin 'n „kapstok"-preek, waar die hoofgedagte in 'n teks ingelê en nie daaruit gehaal word nie, 'n preek eers gemaak en daarna met 'n teks gesteun word. Aan die ander kant verstaan broeders daaronder ook 'n goeie preek wat duidelik op die tema van die teks gebou kan wees, 'n preek met 'n sentrale gedagte wat deur ander gedagtes belig word.

Ek wil reeds hier die opmerking maak dat die „homiletiek" klaarblyklik nie 'n duidelike terminologie tuisbring nie, vandaar dat die meesuiteenlopende inhoude aan dieselfde term gekoppel word. Besinning oor of vernuwing van die terminologie is seker nodig.

5.2. *Die definisie van die terme tema, hoofgedagte, sentrale gedagte, eenheid van die preek:* In die eerste plek is daar talle broeders wat onder hierdie begrippe, seker met goeie reg, presies dieselfde verstaan. Een broeder het al die begrippe afgewys en gepleit vir die begrip „grondgedagte", waarmee hy wil beklemtoon dat die gedagte uit die Skrif gelig word om te sê wat God aan die gemeente wil sê.

Die opvatting in die ouer homiletiek wat onderskei tussen die sentrale gedagte wat eintlik voorop gaan en daarna deur hoofgedagtes (punte), wat weer uiteenval in newegedagtes belig word, leef skynbaar nie onder broeders nie.

Die menings kom ooreen dat die eenheid van die preek bepaal word deur die sukses waarmee daar „een boodskap" of kerugma gebring word. So gesien vorm die tema die geformuleerde weergawe van die *hoofgedagte* wat primêre kerugma is en ook *sentrale gedagte* of *grondgedagte* genoem kan word.

Die homiletiek kan hieruit seker aflei dat op die begrip of idee toegespits moet word sodat verskillende bekende woorde nie verskillende begrippe oordra nie. Die woord is nie belangrik nie,

maar tog het ons hier met die begrip te doen wat eintlik die preek maak, d.w.s. die tema is die teks in preekvorm.

6. Die verdeling van die preek

6.1. Die gedagte van 'n verdeling het aan die een kant sterk teenkanting gekry. Broeders het dit radikaal afgewys en gesê dat dit gedwonge en spitsvondig is; 'n ander het gesê dat hy nie 'n preek in punte opbreek nie; nog 'n ander beskou dit as „verouderd" en die sterkste reaksie stel dit as vervelend en (let wel) „psigologies onverantwoord" want dit neem „die verrassing weg".

6.2. Talle broeders waarsku teen 'n eenvormige „skematisme" of „skema-dwang". Hulle hou van verdeling wanneer hulle dit uit die eksegese kry, maar wys die formele tipe indelings soos *wie?, waar?, wanneer?* af. Die inhoud moet die verdeling aan die hand gee. Wanneer die verdeling weggelaat word, moet die prediker die gawe van sterk konsentrasie besit, altyd middelpunt-soekend preek en aan die einde kan goed saamvat.

6.3. Die meeste broeders meen dat die verdeling sterk waarde het om vir die gemeente vashouplek aan die preek te gee. Die verdeling moet dan egter duidelik die hoofgedagte dien en verduidelik en nie verloop in soveel preke as wat daar punte is nie. Party broeders probeer „verrassend" indeel en bou d.m.v. die punte op na 'n klimaks" — en sê dat hulle slegs kan preek maak indien hulle die stof verdeel. Hulle pleit met hoofletters dat die verdeling genoem moet word aan die gemeente. Talle ag die noem van die verdeling opsioneel, mits die preek net soos 'n gebou sy fondament, mure en dak het. Iemand het gesê dat die verdeling die geraamte vir die preek moet gee — en daarom moet die prediker met sy eksegese worstel om die „bou" van die preek te kry. As die verdeling eers gekry is, moet nog net die vleis aangesit word.

6.4. 'n Broeder wat die verdeling radikaal afwys, vergelyk 'n preek met 'n wiel met speke: die preek „graviteer" rondom die tema soos speke om die naaf. Vanuit die sentrum (teks) trek hy die konklusies vir die lewe.

6.5. Die vraag wat gebeur met 'n teks met meer as een hoofgedagte, het feitlik algemeen die reaksie uitgelok: slegs een hoofgedagte kan geneem word en oor die ander moet 'n volgende keer gepreek word. 'n Ander opvatting wys dat die inleiding ook die ander hoofgedagtes kan aandui en die keuse by een duidelik verantwoord. Die mees indringende opmerking het egter gevra of dit moontlik is dat daar twee hoofgedagtes in dieselfde teks kan lê? Indien daar met deeglike eksegese op die breë konteks, die doel van die betrokke geskrif ens., ingegaan word, behoort dit duidelik te wees waar die klem val en kan die sentrale gedagte gevind word. Die teks kan immers beperk word om een hoofgedagte te omsluit, want 'n sin het net een hoofsin.

Hierdie probleem aksentueer weer eens die dilemma wat soms na vore kan kom. Ons kan argumentshalwe dit so stel: *dit skyn asof situasies hom voordoen waar die „preek" bepaal wat geneem word en nie die Skrif deurslag gee oor wat gepreek word nie.* Kan 'n teks

aangekondig word en „hoofgedagtes" oorgelaat word vir 'n volgende keer? Die presiese verhouding tussen *preek* en *teks* is vir die homiletiese benadering van deurslaggewende betekenis. M.i. moet die teks die preek bepaal en nie die preek uitmaak wat uit die teks gebring gaan word nie. Die verhouding *preek* en *teks* moet deeglik uitgemaak word. Is die angs vir „twee" hoofgedagtes nie te wyte aan die idee dat die preek 'n redevoering op homself moet wees nie? Kom die preek nie tog ietwat los van en langs die teks te staan as 'n produk van die prediker nie?

7. Verdere opmerkings oor die bou van 'n preek

7.1. 'n Enkele broeder ag die eise van logika nie belangrik vir 'n preek nie, omdat dit kan „versmal tot intellektuele instemming".

7.2. Feitlik alle broeders meen dat 'n preek logies opgebou moet wees om preek te wees, verstaan te word en as sodanig sy doel te dien. Die gedagtes moet dus doelbewus so versorg en aangegee word dat daar 'n logiese gang en opeenvolging is. Tog val te veel preke plat deur 'n dialektiese opbou in redeneertrant met verbindinge soos „maar", „want", „omdat", „daarteenoor" ens. Weinig hoorders kan 'n logiese betoog volg deur dit net eenmaal te hoor. 'n Geskrewe stuk sou miskien nog verstaan kon word, omdat jy kan teruggryp op dit wat nou met „want" gestaaf of met „maar" gekontrasteer word. Die preek moet dus logies wees, sonder 'n redeneertrant. Die gevaar moet veral by die kategismusprediking vermy word.

7.3. Een broeder het tereg ook gewys dat logiese „drogredenasies" dikwels 'n struikelblok vir die evangelie vorm. Predikers behoort hulle rekenskap te gee van die mees algemene drogredenasies en dit uit hulle preke weer. Daar word aanstoot gegee wanneer die prediker afleidinge maak wat nie opgaan nie, is-gelyk-aan-tekens plaas waar dit nie kan nie, menslike gesag as goddelik aandien en bv. kultuur as etiek preek ens.

7.4. Kommentaar oor die verdere kenmerke van die bouvorm van 'n preek (behalwe tema en verdeling) was nie so volop nie. Sommige bepleit kort preke. Ander lê klem op saaklike preke. Daar word gewaarsku teen lang sinne en teen afgekapte kort sinnetjies. Die preek moet piramidaal tot 'n klimaks gebou word. Daar moet 'n goue draad deur die preek loop wat christosentries, pneumasentries en teosentries is. Die toepassing moet harmonies by die uitleg aansluit en daar moet balans tussen die twee aspekte wees. 'n Preek moet Skrifgebonde wees alles moet funksioneel wees. Elke preek moet oordeel en genade verkondiging en 'n ander wil 'n appèl in elke preek hê.

7.5. Die vrae oor herhaling in die preek het feitlik eenstemmig as rede aangegee: herhaling help die gemeente om te onthou en op te neem. 'n Ander het herhaling as middel om te beklemtoon gesien, maar dan moet dit duidelik en *opsetlik* geskied, meestal in die vorm van 'n stelling. Skynbaar is daar plek vir 'n welberekende, doelbewuste en effektiewe herhaling, wat sober en nie te dikwels gebruik word nie.

Tog kom feitlik almal ooreen dat herhaling gou tot verveling lei en dadelik die indruk by die hoorder wek dat die preek nie goed voorberei is nie. Sodra herhaling feitlik *onbewus* by die prediker as stoffeerdery aan sy preek begin voorkom, is die skrif aan die muur. Die rede daarvoor word gesoek in gebrek aan erns en selfdissipline by die prediker in sy voorbereiding; onsekerheid en nog onrypheid by die prediker oor wat hy presies wil oordra of selfs moontlik omdat hy te los hande wil preek. Die gevaar is dat hierdie herhaling sowel die gemeente as die prediker frustreer. Nie een van beide word deur dié prediking gestig nie.

Die remedie teen die onbewuste herhaling word feitlik algemeen aangedui in die uitskryf van preke; daarna doelbewuste hersiening van die taal en gedagtes om herhaling doelbewus uit te skakel of om gelyksoortige gedagtes steeds meer en meer by mekaar te groepeer en deurgaans in die voorbereiding te bly konsolideer. Doelbewuste selfdissipline teen herhaling is 'n vereiste. Tereg sê sommige broeders dat 'n prediker hom krities op die stoel van die hoorder moet verplaas, terwyl hy die preek voorberei.

Waar herhaling doelbewus beoefen word, moet die gedagtes nog progressief geformuleer word, d.w.s. daar moet selfs afwisseling in die herhaling wees. Wanneer iemand sy gedagtes eenvoudig en duidelik geformuleer het, sal hy vanself herhaling ontloop. Kritiese luister na eie preke op 'n band kan help om die kwaal aan die man te bring.

Een van die broeders sendelinge het egter weer beklemtoon dat herhaling aansluit by die Bantoedenkpatroon en kommunikasiewyse en derhalwe daar noodsaaklik is. Hierdie opmerking is interessant omdat dit toon dat prediking altyd rekening moet hou met die kultuurwêreld en patroon waarin dit ingaan — maar onderstreep nogtans dat herhaling slegs as opsetlike en doelbewuste metode in prediking geduld kan word, waar dit verantwoord kan word.

8. Voorkeur aan tipes prediking

8.1. Sommige predikers gee uitdruklik voorkeur aan die perikoop as teks vir die preek. Die gevaar bestaan dat 'n enkele teks uit sy verband uitgelig kan word, terwyl 'n perikoop soms juis help om 'n bepaalde teks daarin tot 'n klimaks te voer.

8.3. Broeders het benadruk dat die Skrif wat gepreek moet word, vanself bepaal wat geneem word. As voorbeeld kan die Psalms genoem word, of die Klein Profete waar 'n perikoop meestal essensieel is, terwyl ander stof weer vir enkel-vers prediking vra, mits die teks dan in die konteks van die geheel behandel word.

8.4. 'n Paar broeders het hulle baie sterk uitgespreek ten gunste van enkelvers-prediking en alle ander vorme afgewys.

8.5. Opmerklik genoeg meen 'n sendeling weer dat op die sendingveld perikoopprediking noodsaaklik is, omdat geen goeie Skrifkennis as agtergrond vir die preek veronderstel kan word nie. Hier moet die prediking 'n vervolgende karakter dra en is die oorheersende eienskap: die prediking moet duidelik wees.

8.6. 'n Enkele prediker het enkelvers-prediking verkies en gesê dat hy daardeur eers aan die einde van die preek sy tema na vore laat kom en so slaag om die „verrassende" element te bewaar. Talle broeders het hulle sterk uitgelaat teen hierdie motief om verrassend te probeer preek en gewys op die risiko dat die preek by die gemeente verbygaan; opsetlik in die duister gehou word; neerkom op „speurverhaal"-tipe prediking; die gemeente onbetrokke laat ens.

8.7. Die kaleidoskopiese opset het geen steun ontvang nie, omdat dit verwarrend is, horisontaal gerig is en neerkom op „social gospel".

8.8. Die homilie is deurgaans feitlik geïgnoreer. 'n Enkele het gewys dat dit neerkom op los gedagtes. In die lig van die opmerking van die sendeling (punt 8.5.) is dit 'n vraag of die sending nie met die homilie nog meer kan profiteer as met perikooppprediking nie? Is daar wesenlik, wanneer eksegese deeglik gedoen word, so 'n groot verskil tussen enkelsvers- of perikooppprediking? Die betrokke Skriftgedeelte is immers die teks.

8.9. 'n Broeder wys op die verskraling wat die begrip *teks* van die Latynse *textus* by ons ondergaan het en die vraelyste getuig ook daarvan. Teks het die konnotasie van *vers* gekry i.p.v. dat teks die gelese of aangekondigde gedeelte (al is dit 'n lang perikoop) aandui, d.w.s. die aangekondigde uitgangspunt van die prediker aangee.

9. Kommentare

9.1. Feitlik sonder uitsondering kom Korte Verklaring en daarna die Kommentaarreekse van Kok (Kampen) op die O.T. en N.T. voor.

9.2. In talle gevalle word woordeboeke en lexicons, veral Kittel, genoem, maar opmerklik genoeg gebeur dit dikwels dat Kittel dan nie weer spesiale aksent in die volgende vraag ontvang nie! Talle broeders meen egter dat gebruik van hierdie woordeboeke of lexicons die sleutel is tot preekmaak en heeltemal die plek van „homiletiese" werke kan inneem. Skynbaar gebruik talle predikers nie hierdie lexicons genoeg nie.

9.3. Dit is opmerklik hoe min Calvyn en Alford genoem word. Waar hulle wel vermeld word, ontvang hulle egter spesiale vermelding in die volgende vraag, d.w.s. put talle broeders daar baie uit. Dit sou interessant wees om vas te stel wie sekere werke nie noem nie, omdat hulle hulle nie ken nie.

9.4. Ander werke wat genoem word: International Commentary; Handbuch zum Neuen Testament; Schlatter Erläuterungen; New International Commentary; Jameson Faucet en Brown, New Londen Commentary; Keil en Delitzch; Mathew Henry (veral vir homiletiese); M. Noth Biblischer Komentar zum Alten Testament; Wuppertaler; Studienbibel; Leischke, Commentary on the New Testament.

9.5. 'n Kritiese evaluering van hierdie kommentare dui waarskynlik op 'n bepaalde tendens in die keuse van die kommentare — en ook t.o.v. die gebruik daarvan. Die feit dat talle broeders skynbaar nog nie die gebruik van lexicons ontdek het nie, moet daartoe lei dat hulle eksegese eintlik deur die outeur van die kommentaar

gelei word. Een broeder het dan ook gekla dat die Grieks en Hebreeus daaronder lei, omdat hy dit nie meer gebruik nie! Verder is dit opmerklik dat die lexicons en die kommentare eintlik net die Nuwe Testament indringend dek — aangesien die reeks wat by Kok verskyn op die O.T. nog nie voltooi is nie. Skynbaar leen die O.T. hom minder vir lexicon-benutting of word lexicons daar minder gebruik. Een broeder het dan ook sy nood gekla dat hy nie kan slaag om sy kanoniek en openbaringsgeskiedenis O.T. te laat deurvloei na sy prediking nie.

10. Homiletiek as vak

10.1. Oor die algemeen vind die predikers weinig fout met die homiletiekopleiding en staan baie waarderend daarteenoor. Hulle soek die „leemtes en „probleme" eerder by hulleself. Nogtans kom sekere dinge na vore na aanleiding van die vrae.

10.2. Weinig broeders voel dat hulle definitief gebreek het met opvattings wat eintlik in hulle opleiding tuisgebring was. Nogtans word die vraag ook positief beantwoord en daaruit word die volgende duidelik: Een broeder sê dat hy verstaan het dat 'n preek deur die tregter van sy persoon die Skrif na die gemeente moes laat gaan en dat die preek dus sy prestasie op grond van sy opleiding moes wees — en dat hierdie preekmaak hom vermoor het tot hy daarmee gebreek het. 'n Ander het radikaal gebreek met (wat by voorgaande aansluit) die idee van 'n *leerrede,* veral een wat dogmaties gefundeer is, vertikaal gerig is en die lewe nie raak nie. Hieronder word selfs verwys na die „analitiese preek" wat as „gereformeerd" beskou word, maar lewensvreemd bly.

In aansluiting hierby word gebreek met die idee van kategismusprediking wat neerkom op kategismus-verklaring en toepassing en selfs geprotesteer teen die verpligte weeklikse kategismusprediking. Kategismus moet met teks of tekste gepreek word en waarlik Skrifprediking wees. Die motief van belydenis-bou skyn af te stomp — of baie broeders voel 'n kloof tussen „Skrif" en „Kategismus" aan.

Talle broeders het uit die opleiding die idee gekry dat prediking letterlik eers uitleg en *daarna* 'n stukkie toepassing moet wees en het met die idee gebreek. Die idee om toepassing na die uitleg te plaas, word afgewys.

'n Ander het verstaan dat die homiletiek prediking „eensydig as onderrig opvat" en daarmee gebreek. Nog 'n ander het geleer 'n preek moet drie punte en die toepassing aan die einde hê en daarna alles weer in die slot saamvat, en daarmee gebreek.

Daar mag nog meer variasies op hierdie tema wees.

10.3. Feitlik niemand voel dat hy teen sy sin en oortuiging in aan 'n onbevredigende preekopset of homiletiek vashou om die vrede ontwil nie.

10.4. Die „leemtes" wat opgemerk word en wat as 'n soort stempel van die opleiding of van die eie „skool" (nie Teol. Skool nie) beskou word, gee interessante stof om te oorweeg:

10.4.1. Die prediking moet *eksistensieel* wees en die homiletiek het nie daarvoor genoeg leiding gegee nie. Daar is te veel

'n stereotipe preekpatroon, sodat baie preke vandag ooreenkom met dié van 20 jaar gelede.

10.4.2. Die prediking maak te min van die situasie rondom *mensverhoudinge*. Die prediking moet christosentries toespits op die vraagstukke van ons tyd en dan staan mensverhoudinge op die voorgrond. Talle preke en/of predikers volg egter 'n volstruispolitiek, asof hulle nie by magte is om die Skrif te laat spreek nie, moontlik soms deur tradisie- of politieke dwang oor die prediking.

10.4.3. Die homiletiek lei tot 'n min of meer enerse preekvorm, wat te min vir die *bevindelike* plek het. Een broeder sê hy het te min „Spurgeonstyl" en te veel dogmatiekprediking geleer. Die opleiding dui nie aan hoe „konkreet" gepreek kan word nie. Die teologiese agtergrond is te „eng" en daar is te min 'n studie gemaak van ander preekvorme en gevolglik is daar 'n min of meer stereotipe gereformeerde groef. Daar is selfs te veel „outydse segswyses". Sommige meen die werk *van God vir ons* word oorbeklemtoon en sy werk *in ons,* die subjektiewe, verwaarloos.

10.4.4. Enkele stemme meen dat die *psigologiese* verwaarloos word en lewer 'n pleidooi vir meer „psigologiese" prediking en dienooreenkomstige opleiding. Te min kennis van die sielkunde lei tot „bolangs sweef oor mensprobleme" — veral in vandag se „gekompliseerde gespesialiseerde samelewing".

10.4.5. Enkeles het uit hulle homiletiekopleiding 'n indruk van 'n *sisteemdwang* ontvang. Die mening word gelug dat die „tradisionele" manier van preek het sy stroombelyning verloor en spreek nie meer tot die gemeente nie. 'n Ander meen dat homiletiek het net met die formele preekbou te doen — en dat die sisteme geblameer word vir persoonlike onvermoë om die inhoud van die Skrif aan te bied. Iemand sê hy het gebreek met „gereformeerde leerprediking" en Calvyn se tipe preke.

10.4.6. Enkeles kla oor die *geforseerdheid* t.o.v. vereistes vir homiletiese onderdele van 'n preek en noem as voorbeeld die eis dat die inleiding 'n „magtige poging . . . om die hoorders aan te gryp" moet wees, of dat die preek uit inleiding, drie punte, toepassing en slot moet bestaan; die veralgemening in die toepassing, watter teks ook al verklaar word, die toepassings kom maar op dieselfde neer, die houding en belangstelling van die mense teenoor die erediens, die dominee se weiveld.

10.4.7. Meer as een broeder meen dat vakke soos Eksegese, Openbaringsgeskiedenis en Kanoniek te losstaande gedoseer word en nie op die „preekmaakwerk" gerig is nie. Die leemte bly steek dat die broeders nie die brug kry om van hierdie vakke gebruik te maak in hulle prediking nie.

10.4.8. Daar is 'n min of meer geykte „gereformeerde" tale kanaäns, bv. 'n gereformeerde predikant hoor nie, maar „beluister". Daar is 'n besondere liefde om alles *abstrak* aan te dui met naamwoorde. bv. Christus troos ons nie, maar Hy is ons troos. Die gebruik van woorde wat eindig op -heid, -ing, -skap is vir die kinders en eenvoudiger hoorders onverstaanbaar

en laat goeie preke platval. Verskillende broeders meen dat die taalgebruik meer aandag moet kry in die opleiding.

10.4.9. Soms kom 'n filosofiese benadering met tipiese wydlopigheid en vae preke voor.

10.4.10. Die gevaar is daar dat die opleiding te veel nadruk op homiletiese en ander „boeke" lê en daardeur die ontwikkeling van die prediker gestrem word deurdat hy van boeke *afhanklik* raak. Die opleiding sou die prediking moontlik beter stimuleer wanneer die student eers die potensiaal van sy wye teologiese vorming, primêr ontgin in sy preekmaakoefening en eers in die finale stadium sekondêre werke raadpleeg. Kritiek in preekkolleges van ander persone as vakprofessore en medestudente kan oorweeg word, ens.

10.4.11. Talle broeders het vir groter *praktiese oefening en ervaring* in die homiletiekopleiding gepleit: leiding hoe om 'n teks te vind en die weeklikse „gesoek" na 'n teks te ontkom; hoe om selfstandig met preekbou te werk te gaan; hoe om van eksegese ens. tot die preekskets te kom; hoe om op verskillende wyses die teks aan te pak; watter gevare kan opduik en vermy word; hoe om toe te pas; taalgebruik en woordeskat.

10.4.12. Enkele predikers meen dat die opleiding ook meer kan dien om die mens en die tyd te begryp met die oog op prediking. 'n Enkele soek die oplossing van opleiding by 'n „spesiale professoraat" in sg. „praktiese vakke". 'n Ander kla oor die gebrek aan sensitiwiteit vir die mens vir wie gepreek word en eensydige konsentrasie op die mens wat preek en die formele homiletiek. Daar is te min eksistensiële belewing en kennis van die adres waarheen die preek gaan.

11. Saamvatting

Hierdie weergawe van gedagtes uit die antwoorde van predikers is onvolledig. Dit is nie bedoel om die opvattings te evalueer nie. Eintlik toon die beeld dat daar baie by mekaar verbygepraat word; die formele dikwels geblameer word vir inhoudelike onmag; die struktuur aangeval word vir sondes wat die prediker begaan; dat die opleiding verantwoordelik gestel word vir aktiwiteit wat die prediker aan die dag moet lê deur sy leeswerk, belangstellings, ens. Te veel word van „ander", „spesialiste", „spesiale leerstoele", boeke verwag — om „maklik" jou eie probleem te ontloop.

Nietemin is dit duidelik dat die homiletiek as vak vir talle te geïsoleerd bly van die res van die teologiese ensiklopedie. Skynbaar word daar ernstig gesoek na 'n nouer aansluiting tussen die bibliologiese vakke en die homiletiek. Indien die afleiding korrek is, is dit 'n ope vraag in hoeverre daaraan uitvoering gegee kan word.

Enkele wenke en gedagtes kan ook in die homiletiekopleiding toegepas word, bv. om sisteemdwang maar ook tog asseblief siteemlose prediking te voorkom!

Moontlik bied hierdie beeld 'n interessante agtergrond waarteen die ander twee inleidings gesien kan word: naamlik hoe hanteer die prediker sy homiletiek en hoe kom sy prediking deur na die hoorder!

Evaluering sonder hierdie uitbouing van die prediker en kontrole van die kant van die hoorder sou misplaas wees. Dit bly immers 'n ope vraag of die aanpassinge en oplossinge van die prediker, sy eksperimente met nuwe vorme en preekmetodes, werklik die adres van die preek, naamlik die hoorder (gelowige en nie-gelowige, gemeente en mens tot wie God roep) bereik.

B. Spoelstra.